durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

24 November 2019

24 November 2019
Preekreeks: Onse Vader

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens (SAAL)**<br>*Arno Mattheus* |

**Deuroffer: Kos vir Kersfees**

Ons samel geld in om BADISA Trio te seën sodat hulle kan kos aankoop vir minderbevoorregtes gedurende die feesseisoen.

1 Desember 2019
Preekreeks: Onse Vader
Biddag Beskermingsdienste

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Philip Scholtz*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Philip Scholtz*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |

**Deuroffer: Helpmekaar Studiefonds**

| | |
|---|---|
| 19:00 | **KERSSANGDIENS**<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**TEMA: VLERKE** |






**1953 Vertaling**
Matteus 6:13
en lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Verduideliking – Die Bybel in Praktyk

6:13 Moenie die afleiding maak dat God ons in die versoeking lei nie. Nee, Jesus vra dat ons van die Satan se bedrog verlos sal word. Alle Christene worstel met versoekings. Dit is soms so subtiel dat ons nie eers besef wat besig is om met ons te gebeur nie. God belowe dat Hy nie sal toelaat dat ons versoekings meer is as wat ons kan weerstaan nie (1 Kor 10:13). Vra Hom om jou te help om die versoekings te herken, sterk genoeg te wees om weerstand daarteen te bied en te doen wat Hy wil hê jy moet doen.

Praktiese toepassing:

Byvoorbeeld:
KYK TERUG ,
TEKORTKOMMINGE EN GENADE OOMBLIKKE
"Lei ons nie in die versoeking nie maar verlos ons van die bose" – waar was jou geloof (geduld, liefde, hoop) vandag getoets? In watter manier het jy geduldig, liefdevol en met hoop opgetree? Wat het jy geleer oor jou perke en waar om die krag wat jy nodig het te vind?

TOEKOMS FOKUS
"Want aan U behoort die Koninkryk, die krag, en die heerlikheid tot in alle ewigheid" – dank God dat Hy heers oor jou lewe en vir Sy krag en heerlikheid wat teenwoordig is in jou lewe. Vra vir God dat Hy nie net vandag nie, maar môre en oormôre jou sal seën met Sy teenwoordigheid.

**KOEKIES VIR KERSFEES**

Help ons om koekies te bak of koop maar 'n boksie as jy nie kan bak nie. Bring dit saam na dienste / kerkkantoor, nie later as 1 Des. se Kerssangdiens. Ons verpak dit op 3 Des. Enigiemand kan kom help verpak. Ons mik om so 1200 pakkies uit te deel aan eensames oor die feesgety. Navrae: Kerkkantoor







**NUUS:**
24 Nov: Sertifikaatsondag
26 Nov: Seniors Bybelstudie afsluiting
28 Nov: Seniors Kersete (Eensgezind)
30 Nov: Betesda-mark
1 Des: Doop, ADVENT, Biddag Wêreldvigsdag Kerssangdiens

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

**Welgegund Plaasdienste: Kersdiens 8 Des 2019**

Elke jaar is daar 'n Kersafsluitingsgeleentheid by Welgegund plaas. Hierdie jaar is dit Sondagoggend, 8 Desember 2019 om 09:00. Daar word kersliedere gesing, die Sondagskool kinders tree op en daar word ook 'n Kersboodskap gebring. Daarna kuier die lidmate, kinders en besoekers almal gesellig saam.

Ons wil soos in die verlede vir die Sondagskool seuns, dogters en ook die ander kinders op die plaas bederf met 'n spesiale verrassingspakkie. U kan hierdie uitreik ondersteun deur 'n finansiele bydrae te maak en dit in te betaal by die Kerkkantoor en dit te merk "Welgegund Kersdiens" voor of op 2 Desember 2019.

As u die Kersdiens wil bywoon op 8 Desember 2019 om 09:00 is u baie welkom om dit te doen. Dit is 'n geleentheid om uit te reik na die VGK lidmate op die plaas en dit is vir almal op die plaas 'n hoogtepunt in die jaar. Vir enige verdere navrae kontak vir Peter Montgomery by 084 299 6697.



## Betesda-mark Sat. 30 Nov.

Die Betesda Uitreikprojek vir Gestremdes se maandelikse verkoping vind plaas op Saterdag 30 November by Bergsig Kerksentrum h/v Boland en Protea in Vierlanden Durbanville van 8:00 - 14:00

Al die Boeke, CDs, DVDs en viniel plate word vir R10 verkoop. Koffie, tee, pannekoek, tuisgebakte pasteie en soetigheid en ander snuisterye is ook te koop.

Die projek ondersteun persone met een of ander gestremdheid of beperking wat fisies, intellektueel, emosioneel, geestelik of omstandighede kan wees. Dit sluit in die 7 inwoners van **Huis Masonic** vir persone met kwadruplegie in Gazellestraat, Uitzicht en die 5 kinders met ernstige en diepgaande intellektuele en fisiese gestremdhede van **Yarden Children's Enrichment Centre** in Crownsingel, Vierlanden asook ander individue in die gemeenskap.

Die projek maak dit moontlik dat kinders van **Durbanville Kinderhuis** en persone uit die gemeenskap gratis kan deelneem aan **PerdePret** 'n terapeutiese aktiwiteit met perde.

***Indien u boeke, DVD's, CD's of viniel plate wil skenk kan u dit by die Bergsig kerksentrum aflaai of ons sal dit by u afhaal.***

Vir meer inligting oor die projek en die mark skakel Hans Human by 082 549 0518.

**ALGEMEEN:**
Die Uitreike koördineerder is met verlof vanaf 28 Nov 2019 tot 20 Januarie 2020.

## Nog nuus ... op ons voorstoep



**Vandag gaan kuier ons by St Stephen's kerk om 17:30 in Breëstraat. Kom gerus saam en ontdek hoe jy kan deel raak van 'n wonderlike Koninkryk projek.**

**Theo en Mignonne Schumann:**

*"St Stephen's congregation in Breë Street was a safe harbour for children since its establishment in 1843. The church building was used during the weekdays as a school for the children of slaves that had been set free. Since then they always had a strong vision and passion for youth work within the congregation.*
*The St Stephens church recently joined hands with Harbour of Hope to reach out to the youth in the vicinity. That also includes the Bo Kaap area. We want to reach them with the gospel of Jesus Christ, but also attend to the physical needs within the community.*
*The outreach to the youth includes the following:*

- *For the young pupils there will be a after-care service with a focus on reading skills. It also includes a little library. During holidays a holiday program with arts & crafts and games.*
- *Skills training for the young unemployed during weekday mornings. We would like to focus on making local curios for the nearby tourist market.*
- *The front part of the workshop serves as a showroom and shop for the products made."*

Belangstellendes - ons vertrek 17:30 vanaf Bergsig. Laat weet asb vir Annemare Visser indien jy 'n saamrygeleentheid soek.




Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

Bergsig het 'n gebeds-whatsapp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid, stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om 'n lewe te leef sonder gebed is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

**Gebed**

# KNIELTYD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Herman Marais | Elandstraat 4, 083 377 6234 | Ma oorlede | Troos en bemoediging |
| Familie van Ralie Herbst | | Ralie oorlede | Troos en bemoediging |
| Alida Smith | Richterstraat 8, 082 632 7568 | Man oorlede | Troos en bemoediging |
| Dirk Cornelissen | Fairtrees 1, 083 415 1274 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Bokkie Naudé en kinders | Vrymansfontein Plaas | Vrou en ma oorlede | Troos en bemoediging |
| Pierre de Villiers | Crownsingel 52, 083 377 7406 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Andre van Vuuren | Centurion W/s 2, 082 328 4575 | Pasaangeër | Herstel en bemoediging |

## ONS DAAGLIKSE BROOD

*"Om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang"*

**Koninkryksveldtog (Okt '19 - Febr '20)**

| | |
|---|---|
| DOELWIT | R750 000 |
| INGESAMEL | R500 599 |
| BENODIG | R249 401 |

**Kontant/ Koevert/ EFT / Debietorder / Zapper / Snapscan**



Die sentrale simbool van Koninkrykstyd is dié van die kerk as 'n bootjie/skip met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draers van die kruis in die wêreld te midde van enige omstandighede.

ALTAMARK
5-14 Desember 2019

## Alta du Toit Mark

**5-14 Desember 2019**

**Ma-Vry:** 10.00-18.00
**Sat:** 9.00-15.00

- Verskeidenheid van stalletjies
- Restaurant
- Wegneemetes

Kom doen jou kersinkopies by ons en maak 'n verskil

**Alle fondse gaan vir Alta du Toit**
**Nasorgsentrum:** 80 Lincoln straat, Boston
Tel: 021 913 2106



Beste Kinderhuis Vriend

Ons gaan die feesseisoen binne en u groothartige ondersteuning van ons Kersgeskenke projek, laat ons weereens besef hoe bevoorreg ons is om op u steun te kan staatmaak. Met julle hulp het ons 2 geskenke vir elke kind. U bydrae tov ons Kerspartytjie word ook hoog op prys gestel.

Ons word egter nou met 2 dringende behoeftes gekonfronteer waarmee ons verdere hulp nodig het;

**Swembad omheining.**

Die panele is los en die heining om die swembad is geroes, wat die area baie onveilig maak vir ons kinders.

Addisioneel moet die **brandalarm** paneel herstel word en sensors vervang word.

Skakel asb. vir my Johanna Strauss by 021 975 6822 of jstrauss@durbanvillekinderhuis.org.za sou u graag 'n bydrae wou maak tot bogenoemde projekte.

## KERKRAAD:

Op die kerkraadsvergadering van 18 November 2019 is André van Wyngaardt verkies as kerkraadslid.

## NEHEMIA BYBELINSTITUUT

### In assosiasie met Bybel-Media

Hierdie is 'n deeltydse Teologiese en Praktiese Geestelike kursus (vir Christene van enige kerk) wat Donderdagaande 19:00-21:00 aangebied word by die NG Kerk Bellville-Uitsig - Mountain Viewlaan (langs die besigheidsentrum).

Sewe leraars tree as gespesialiseerde dosente op.

Die kursus is akademies geakkrediteerd by die Teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria - studente wat slaag (met inhandiging van werkstukke) kry dus 'n teologiese sertifikaat van die fakulteit. Die kursus bestaan uit twee gedeeltes: 1) Leierskapontwikkeling (een en 'n half jaar) 15 boekies & 2) Bedieningsontwikkeling (een en 'n half jaar) 15 boekies word bestudeer.

Die kursus begin die week van 16 Jan op Donderdagaande 19:00 - 21:00. Koste baie billik R400 registrasie en R170 elke maand per boekie.

**Navrae: Prof Pieter Els**

**083 285 2617**

**pjels@iafrica.com**

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**

**071 529 9491**

Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

**HOE MAAK EK NOU?**

**Vir registrasie van leiers vir 2020:**
http://bit.do/glowkidzleiers

**Vir registrasie van kinders vir 2020:**
http://bit.do/glowkidz

**Skakel na alle glowkidz videos:**
http://bit.do/glowkidzvideos

'n Bejaarde dame is opsoek na 'n tuinwoonstelletjie of 'n kamer wat sy kan huur naby die kerk. Sy kan R3000 per maand betaal.

Kontak asseblief vir Liezl per epos by geestelikeversorging@bergsigdv.co.za

## VIA MEMORIA GEDENKTUIN

Ons wil baie graag die Via Memoria skoonmaak t.o.v. die dooie blomme hetsy vars, gebrande/verbleikde materiaal of draadblomme. Ons beplan om dit gedurende die eerste week in Desember te doen. Elke nissie huurder kan dit self doen of die kerk gaan dit dan doen. Ook versoek ons as blomme vervang word, dat jul asseblief net die blomme in 'n asdrom vir ons sal gooi en nie net in die paadjie nie.

### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel:
**http://bit.ly/nuwelidmate**
of skandeer die QR kode
of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

**MANS TGIF** 05:45
Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

# ATTIE VAN WYK SKOOL

**Graad 7's se Bybel uitdeling**
Wat 'n voorreg was dit Woensdag, 30 Oktober om die Graad 7 leerlinge die toekoms te kan instuur met God se kompas in hulle hande - Die Bybel.

**Kwartaal verjaarsdag partytjie**
Op Woensdag, 20 November was dit 'n voorreg om vir elke kind wat die kwartaal verjaar het 'n groot sjokolade te kon gee. Baie dankie aan almal wat die skool en leerlinge by Attie van Wyk jaar na jaar so getrou ondersteun het. Dankie vir elkeen se GGO bydrae wat geleenthede soos hierdie moontlik maak.

**Kerskonsert**

Ons sien saam met die kinder uit na die konsert op 27 November. By die konsert wil ons graag ook vir elke kind by Attie 'n "craft" bandjie vir Kersfees (sien foto) gee wat daarop fokus om te verduidelik hoe ons redding werk deur Jesus. As iemand 'n kontantbydrae hiervoor wil gee sal ons dit baie waardeer. Inbetalings moet asseblief as verwysing gebruik: Attie Kersgeskenk

Baie dankie ook aan elke vrou (Attie tannie) wat elke Woensdag op God se saailand by Attie, Jesus se liefde kom reflekteer.

Mag die lewegewende vreugde van Sy gees met julle elkeen wees.
Spesiale groete
Nelda













# SPES BONA NUUS



Spes Bona is een van ons satellietdienste. Nelda en span speel 'n sleutelrol in Woordverkondiging op Sondae daar. Onlangs het twee vroue Belydenis van Geloof afgelê. Wat 'n spesiale oomblik voor die Here.Ons loof Hom daarvoor.




**My gebed vir**
**Spes Bona Geloofsgemeenskap Kerk**

Here Jesus, U het wonders kom doen en U Gees het mense se harte kom verander. Dankie dat ek diensbaar kan wees op U saailand, en dankie dat U Gees so kragtig daar werk. Dankie vir U wonderlike genade wat mense se lewens kom herskryf.
Maak asb ons hande sterk Here en help ons as Kerk, as bruid van Christus om 'n eenheid te vorm en eensgesind te volhard in U diens. Beskerm ons asb. teen die bose aanslae om ons van mekaar te verwyder, en help ons Here om altyd afhanklik van U leiding te staan.
Dankie dat hierdie twee vrouens U bo alle omstandighede gekies het.
Lei en gebruik hulle in U diens Here.
Aan U kom toe al die lof eer en majesteit tot in ewigheid
Amen




## GLOW-KIDS, TREK SOOS 'N LIGGIE AAN VIR KERSSANGDIENS!!!



**SCHOONGEZICHT**

Kampterrein

## GEMEENTEKAMP 2020 Ceres

Skop die vakansie op 'n hoë noot af!

20 - 22 Maart 2020

Navrae: Jolene Schoeman
**083 444 3550**
**jolene@inboxme.biz**

Gewone karre kan maklik tot by kampterrein ry.
Jy hoef nie te 4x4 nie! Net die wat wil kan.



MIZELLE PRINSLOO

KONTAK

**HOU JY VAN KOS MAAK EN SAAM KUIER? KOM HELP ONS MET DIE JAFFELS BY DIE 2020 PLAASFEES!**

zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to donate now

## NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za •
www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 O18 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527